DEEL 115 | WEEK 6 | 10 FEBRUARIE 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Munisipale geldsake verswak verder

Ngwathe munisipaliteit se geldsake, reeds swak, het in die jongste finansiële jaar verder agteruit gegaan. Dit blyk duidelik uit die Ouditeur-generaal (OG) se jongste verslag. Ngwathe is weer, soos deurgaans in onlangse jare, gestraf met 'n swak ouditopinie, 'n sogenaamde gekwalifiseerde opinie met bevindings. Die verslag en opinie vorm deel van die Finansiële State in die munisipale Jaarverslag.

Die jongste Jaarverslag (vir die jaar tot 30 Junie 2022) is op 31 Januarie in Parys vir openbare bespreking goedgekeur.
'n Ouditeur van die OG se kantoor het die Raad kortliks toegespreek. Hy het gesê dat nadelige bevindings sedert die vorige jaar verder toegeneem het.


Een oorsaak was wesenlike foute, onder meer as gevolg van swak kontrole oor die finansiële state deur bestuur, maar ook as gevolg van traagheid by leiers om interne beheer te verbeter. Bestuur was laks of onwillig om basiese probleme en kwelpunte te korrigeer.

Hy het gekla dat swak werksverrigting en oortredings deurgaans nie behoorlik opgevolg en, waar nodig, gestraf word nie. Ook is interne beheer deur middel van Inligtingstegnologie (IT) na twee jaar steeds ellendig, ten spyte van vorige OG-aanbevelings. Hy wys daarop dat die belangrike werksposisie van IT-bestuurder al 10 jaar lank vakant is – en steeds bly.
In hul kommentaar sê DA-raadslede aan Herald: "enkele getalle spel duidelik Ngwathe se geldkrisis uit."

Hulle noem die volgende skoksyfers:
• Ngwathe se netto verlies gedurende die jaar het opgeskiet na R212 miljoen
• Bedryfslaste oorskry bedryfsbates met 'n verstommende R1 637 miljoen
• Eskomskuld het R1 502 miljoen bedra (op vanaf R 1 342m die vorige jaar)
• Skuld aan die Departement van Waterwese & Sanitasie was R151 miljoen

DA-raadslede sê hulle veg al lank reeds vir 'n kragtige en verbeeldingvolle regrukplan, en sê dat dit nou meer as ooit absoluut dringend nodig is.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, DA-segsman oor Ngwathe se geldsake, sê die DA het lankal 'n regrukplan voorgestel. "Trouens, dis al drie keer goedgekeur, eenparig nogal deur alle partye, maar dit kom net nie op dreef nie." Hy sê Ngwathe moet uitgawes besnoei, sonder om dienste te beperk, en inkomste vermeerder, sonder om tariewe te verhoog. "Daarvoor bestaan talle puik idees, miskien veral vanaf sakelui, maar ook van ander inwoners." Hy sê die geldkrisis verg noodoptrede, en die beste idees moet nou toegepas word.



# GOEIE VOORUITSIGTE VIR REËN

*Foto erkenning: Liza Boshoff*











# Mass measles vaccination campaign


## *6 - 17 February 2023 - All children aged 6 months to 15 years*

***• Heilbron Clinic***

Contact your nearest clinic for further info.




# Musiek-vasvra met 'n verskil

Die Huppel Trippelklub het Dinsdag 'n musiekvasvrae met 'n verskil aangebied. Die gebruiklike vrae is gevra en soos gewoonlik, was dit 'n kuns om die lede vas te vra. Ná die vasvrae, moes almal luister na besonderhede oor sangers en daarna moes hulle raai oor wie die inligting gaan. Die genoemde sangers was Jim Reeves, Min Shaw en Sias Reynecke. Nonna Roos het vir hierdie kopkrappers gesorg. Die oggend is oudergewoonte met koek en tee afgesluit. Op 14 Februarie beplan die klublede om hulself met 'n melkskommel by die Fraaihuis Kwekery te bederf.






*Inlas foto: Nonna Roos.*
*Foto regs van die lede van die Huppel Trippelklub.*

# Uitdiepen: Week 5 van 2023



Julle het hiér seker al 'n duisend keer van my gryse ou vader gelees. Wat tans in die hemel is. Hy het anekdotes oor elke liewe situasie gehad. Soms iets wat jou diep laat nadink, ander kere om jou weer terug te bring na die "straight and the narrow" en ander kere wat jou sommer laat skater van die lag.

Wanneer iemand iets te drinke aangebied het, het hy gewoonlik gesê: Skink terwyl daar nog 'n druppel blink.

Gryse ou vader het nie tee gedrink nie. Hy het vertel dat hy laas tee gedrink het toe DDT nog op die mark was. (Smaak my dít het hom niks gedoen nie).

In November en Desember 1987 was dit redelik warm in die Noordwes-Vrystaat, dáár waar ek grootgekom het. Min reën. Die boere hou die wolke dop, want hulle moet teen 31 Desember 1987 klaar mielies geplant het anders ryp die plante dood. My gryse ou vader het altyd gesê dat jy tot op 35 Desember kan plant, solank jy net nie op 1 Janaurie nog plant nie.

Die boere, trou aan hulle aard, het geglo dat die reën weldra sal kom. Daar was hier en daar 'n buitjie maar nie genoeg nie, en in die middel van Maart 1988 reën dit asof daar nog nooit water op die aarde uitgegiet is nie. Nie noodwendig so hard nie, maar so aanhoudend.

Daardie naweek hou ons die weerberigte dop: die vlak van die rivier wat op die voorstoep van die dorp verbyvloei is besig om te styg. Die hele dorp is op gereedheidsgrondslag geplaas.

Sondagmiddag bring die boere, wat nie oor die rivier hoef te ry nie, trekkers met sleepwaens en lorries dorp toe: diegene wat neffens die rivier bly, moet ontruim word. Almal help. Tannie A se meubels word by B gestoor. Oom C s'n by D, en so gaan ons aan.

Daardie dag oorstroom die rivier sy walle. Darem geen noodlottige gevalle nie. Maar sommige huise is tot nokhoogte onder water. Een tannie het 'n paar maande vantevore 'n nuwe vrieskas aangekoop, en sy moes die spens se deur afhaal om die kolos in die spens te kry. Toe die watervlak weer daal, en die mense teruggaan na hulle huise, spoor die tannie haar vrieskas in die badkamer op.

Ek het ook gesien hoe 'n rivier wat oorstroom, letterlik die teer oprol en dit stroom-af vat. Daar is krag en lewe in water.

Ons het daagliks water nodig. Vanoggend luister ek na die voorsitter van die Menseregtekommissie (MRK) oor water: alle huishoudings moet toegang hê tot ten minste 6000 liter water per maand. Daar moet 'n toilet of geventileerde puttoilet wees wat relatief veilig is en daar mag geen water vanaf verbruikers weerhou word vir langer as sewe dae per jaar nie.

Ek sien hoe jy jou kop skud: Ja, ek het gaan kyk op die MRK se webwerf. Dis die waarheid daai. Maar papier is geduldig.

Net 'n kantlynopmerking: Die MRK kan sekere bevindings maak en sekere strawwe oplê, maar, volgens die spreker oor die radio, is hulle hande afgekap wanneer dit by die regering en waterverskaffing kom. Wat is dan die nut van MRK ondersoeke oor waterverskaffing, wonder ek?

Pretoria het 'n redelike warm Desember en 'n helse warm Januarie beleef. Met min reën. In teenstelling met verlede Januarie se reëns toe Centurion en omtes 'n massa sinkgate oorleef het.

Ons is van die gelukkiges wat ons tuin met boorgatwater kon groen hou. Ek het die weerberig dopgehou vir reën. Maar niks.

Die munisipaliteit het waarskuwings uitgereik dat water spaarsamig gebruik moet word. Wat ons doen. Ek weet nie of almal dit doen nie. Want ek sien soms waterlekke langs die pad. Ek het dit al twee keer gerapporteer (verskillende lekke op verskillende plekke). Die eerste opmerking vanaf die munisipaliteit is: Ons kan dit nie nou op ons stelsel sit nie, want sê nou maar iemand het dit reeds gerapporteer?

Wat? Ek dink amper dat iemand aan die waterlek aandag sou gegee het indien dit reeds gerapporteer was.

Maar nou ja.

Die knaende aan-af aan-af vanaf Eskom help ook nie, want behalwe vir die infrastruktuur wat broos is, kan daar nie genoegsame water gepomp word nie.

Dit was weereens 'n warm, droë naweek in Pretoria. Dinsdag met etenstyd gaan stap ek gou amper vier kilometer, net om my twee moeë breinselle weer op te spoor. Teen 14:30 sien ek die wolke wat saampak. Net na 16:00 bel my goeie man: "Laat weet wanneer jy naby die huis is, sodat ek hek toe kan swem om vir jou oop te maak." Daar is 'n reënbui omtrent 9 kilometer van hier af.

Minute later is dit asof die sluise van die hemel maak oop: hier by my kantoor en by die huis. Dit stroom in riviere by die strate af, die ruitveërs werk oortyd en almal wat nie kan bestuur nie, is op pad huis toe.

By die huis sien ek die opdrifsels en een watertenk loop amper oor. Maar my hart is dankbaar omdat daar weer water is. Die Here het letterlik ons tuin kom natmaak.

Daar is krag en lewe in water. Dis kosbare druppels wat met respek behandel moet word. Ons kan sonder elektrisiteit, ons sal sukkel daarsonder, maar vir geslagte voor ons het hulle sonder dit klaargekom. As dit regtig moet, dan kan ons.

Maar water? Nee. Gewis nie.

Les vier vir vanjaar: Werk respekvol met water. Daar is krag en lewe in water.




# Boef gevang deur Gholfklub President



Die boef wat die Gholfklub vir die afgelope twee maande geteister het, is uiteindelik ontmasker. Personeel van die Heilbron Gholfklub krap vir ongeveer twee maande reeds kop oor verskeie items wat gereeld oornag uit die klub se kroeg verdwyn het. Drank, sigarette, gholfballe en vele meer was van die vermiste goedere. Die bestuurder van die Gholfklub, Carol Germishuizen, vertel dat hulle gereeld drank in die mansbadkamer ontdek het, wat baie vreemd was. Die vang van die dief was glo heel toevallig. Jackie Leonard, vise-president van die klub, wat die Sondagoggend sou gaan visvang het, het glo sy sonbril by die klub vergeet en vroeg gery om dit te gaan kry. Met sy aankoms het hy 'n gholfstok teen die muur opgemerk, maar niks vreemd in die klub gesien nie. Jackie het Gerrie Muller, president van die Gholfklub in kennis gestel. Gerrie vertel dat Jackie hom 6:36 laat weet het en dat hy 6:40 op die kameras gaan kyk het. "En daar was hy, een van ons Caddies." Dit word beweer dat die persoon deur die gebreekte venster in mansbadkamer deurgeklim het. Volgens Gerrie was FAR sekuriteit dadelik in kennis gestel en binne minute was hulle op die toneel. Ongeveer R2 000 se items is in sy besit gekry, asook dwelms. Die dief is in hegtenis geneem en die saak duur voort.









# Krieketspan lewer vuurwarm krieket

Die afgelope naweek se krieketvertoning het Heilbronners behoorlik warm in die bors gelaat. Die dorp se krieketspan gee Rust Ter Vaal 'n ordentlike pakslae en wen met agt paaltjies.

Heilbron het met uitstekende boulwerk en vangskote Rust Ter Vaal kleedkamer toe gestuur met slegs 80 lopies op die telkaart.

Dit het Heilbron se kolwers slegs 10 boulbeurte geneem om dié totaal te bereik. Irfan Arshad het fantasties gekolf en het 59 lopies, onoorwonne, aangeteken van slegs 32 balle. Hy is ook aangewys as speler van die wedstryd.

Die Heilbronners meet die naweek kragte met Route 66. Die wedstryd vind op die Hoërskool Heilbron se veld plaas en begin om 13:00. Alle toeskouers is welkom en ingang is gratis.



*__LOPIEMASJIEN:__ Armand Smit oorhandig 'n wedstrydbal aan Irfan Arshad wat as speler van die wedstryd aangewys is.*




# Fynproewersgilde skop 2023 af met 'n verrassingsaand


Vrydag, 3 Februarie 2023 het die Heilbron Fynproewersgilde met hul jaarlikse "verrassingsaand" afgeskop. Tydens 'n "verrassingsaand" maak die lede 'n gereg "met 'n storie", óf 'n gereg wat jy bloot al bemeester het. "Ons was 'n klein groep bymekaar, maar die tafel het behoorlik gekreun onder al die heerlike geregte," het Nonna Roos, bestuurslid vertel.

Op die aand se spyskaart was onder meer skaapsterte, skaapboud, gammon-frikadelle met 'n twist en 'n TV-maalvleisgereg. Verder is die lede bederf met twee soorte pampoenkoekies, aartappelgereg, kaasbrood, mieliebrood en tuisgemaakte konfyte. Vir die gewete was daar 'n groen mengelslaai om die bord mee af te rond. Wat nagereg betref is die soettande bederf met appeltert met vla, 'n sago-voetpoeding, appelfrummelpoeding en 'n pannekoek-gebak.

Dit was voorwaar 'n fees om 2023 só af te skop.

Die volgende byeenkoms sal op 5 Mei 2023 plaasvind.







# Bronnie atlete presteer

*Die Hoërskool Heilbron se paalspringatlete het Heilbron se naam hoog gehou tydens 'n atletiekbyeenkoms wat op 4 Februarie by die D.P de Villiers Stadion te Sasolburg plaasgevind het. Lizelle Swanepoel het tydens die kompetisie 'n 2de plek verower terwyl haar spanmaat, Chenelle Els, 'n 3de plek behaal het in die afdeling vir dogters o.14. Danie Bornman spring 'n eerste plek los vir die seuns o.14 met 'n hoogte van 1,8m. Melissa Kruger, dogters o.15, seil op 'n hoogte van 1,7 m oor die lat.*
*Van links op die foto is: Danie Bornman, Melissa Kruger, Lizelle Swanepoel en Chenelle Els.*

# Graad 8-leerders kamp te Moolmanshoek



*Graad 8-leerders van die Hoërskool Reitz, hul ouers, asook die VLR was bevoorreg om op Donderdag, 2 Februarie, 'n baie spesiale aand saam met Niklaas Arangies te beleef. Arangies is van die Moolmanshoek Leadership Development Centre. Die nuwelinge het hul graad 8-kamp vroeg in Januarie te Moolmanshoek gehad. Arangies het die ouers toegespreek oor belangrike fases in hul kinders se lewens en veral klem gelê op die groot rol wat 'n ma en pa in hul kinders se lewens speel. Daar is ook 'n geleentheid gegee vir elke gesin om iets spesiaals aan mekaar voor te lees.*






# Kriewelkampus hou atletiekbyeenkoms



*Kleuters van die Kriewelkampus op Petrus Steyn het hul talente tydens 'n spesiale atletiekbyeenkoms ten toon gestel. Die dag was gelaai met pret en plesier en vir seker 'n hoogtepunt vir elke betrokke kleuter en ouer. Die Kriewelkampus is 'n afdeling van die J.A. Malherbe Laerskool op die dorp.*



# Top learner for Sasol Awards

*Neo Mokoena, from Phiritona Secondary School in Heilbron was the top learner for the Sasol Awards with his 100% in Mathematics and 100% in Science. Neo received a Sasol Foundation bursary to study medicine at UCT.*

*In the attached photograph taken during the function are from left: Thuli Mbuli, Head Community Affairs from Sasol's Sasolburg and Ekandustria Operations; Molapo Nkitseng, Acting Deputy Curriculum Education Specialist from the Fezile Dabi Department of Education; Neo Mokoena, from Phiritona Secondary School and Rightwell Laxa, Senior Vice President, Sasol's Sasolburg and Ekandustria Operations.*
***Press Release:***
***Elsabe Ras - Specialist Internal and External Communication***
***Community Affairs Sasolburg & Ekandustria Operations***






# Dankie Gammie!



*Die gemeenskap van Heilbron wil net vir Gammie Breitenbach bedank vir die pad wat hy herstel het in Sampie Fronemanstraat.*

# Dankie BoereTreat



*Die skoolhoof van die Sandersville Gekombineerde Skool op Heilbron, mev. Rosy Ruiters, het die Heilbron BoereTreat bedank vir donasie wat aan hul geskenk is.*
*Op die foto vl: Rosy Ruiters en Sarah Africa.*

# KENNISGEWINGS

## GEREGTELIKE VERKOPING

**Saaknommer: 79/2016**
In die Landdroshof vir die distrik Heilbron, gehou te Fezile Dabi.
**Tussen:**
**ES MOALUSI**
*Eiser*
en
**M MASEDI**
*Verweerder*

Ingevolge 'n vonnis gelewer op 11 Maart 2016, in die Heilbron Landdroshof en 'n Lasbrief vir Eksekusie daarna uitgereik, word die goedere beskryf in eksekusie verkoop te Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron op die 27ste dag van Februarie 2023 om 13H15, aan die hoogste bieër:
**GOEDERE**
**1 x EETKAMERSTEL (TAFEL MET 8 STOELE)**
**1 X SITKAMERSTEL**
1. Reëls van hierdie verkoping is beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron.
2. Registrasie as koper is 'n vereiste onderwope aan bepaalde voorwaardes o.a
2.1 Voorskrifte van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008.
(URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID=99961)
2.2 Fica-wetgewing m.b.t identiteit en adres besonderhede
2.3 Betaling van registrasiegelde
2.4 Registrasievoorwaardes Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Heilbron met afslaer Wynand Mienie.
3. Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe en verkopingskoste volgens hofreëls, geld.
Gedateer te Heilbron op die 8ste dag van Februarie 2023.
**(Get) JH JANSEN**
**EISER SE PROKUREUR**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, HEILBRON**
**TEL NO.: 058 852 2816**
**FAKS NO.: 086 665 0816**
**E-POS: jhjansen@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: MOA1/0001/JHJ/cm**

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Hendie Lötter
Tel: 058 852 3033 | heraldnuus@heilbron.co.za

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **LUBBE**
First names: **EMMERENTIA WILHELMINA CATHARINA**
**ESTATE NUMBER: 004979/2022**
Identity/passport number: **480906 0009 081**
Date of death: **25/04/2022**
Last address: **97 Pierce Street, Heilbron, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 10 February 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: B0107/0508**
**Publication Date: 2023/02/10**

**HOU HEILBRON SKOON**

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eet-gerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

Herald
Office National
NCR Printing
Book Printing
Design & printing:
invoice books
receipt books
delivery books
order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate
& more
100% OPERATIONAL

PitStop vir JESUS
Alles of Niks!
Datum : 11 Februarie 2023
Tyd : 14:00 – 20:00
Plek : NG Kerk Suid
Saal Heilbron
**Toegang en ete gratis!**
*Danie Lodder kom met ons gesels oor geregtigheid.*
Bespreek asb by:
Tanya 083 975 8264
Alet 060 518 1775







# DIENSTE • DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**Dinsdag 14 Februarie 2023**

GET YOUR CHAIR
ICE HIGHBACK CHAIR
2 year warranty
Swivel & Tilt mechanism
Chrome base with pu armrest
Black net and fabric
Weight limit 120Kg



Herald
Office National
WAS R2300
NOW R2099
VAT INCLUSIVE
(while stocks last)
finance@heilbron.co.za

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

POSTNET HEILBRON
CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Dit is maandbeker naweek

Die afgelope paar Saterdae se wentellings op Heilbron is 'n bewys daarvan dat die baan se uitstekende toestand spelers tot beter tellings aanspoor. Saterdag is die Februarie HBA maandbeker weer op die spel en die bestuur is dankbaar teenoor Heilbron Abattoir dat hulle weer die bekers borg.

Saterdag het Ruan Mienie sy bestendige gholf voorgesit en die plaaslike kompetisie gewen met 38 punte. Eben Stander en Jackie Leonard was tweede en derde met 36 punte.

Die Joker Draw is weer aktief en word Vrydagaande om 19:00 getrek. Die geldpot staan tans op R7 140. Adriaan Smit se nommer het opgekom, maar ongelukkig het hy nie die wenkaart getrek nie.

Môre se inskrywings vir die maandbeker is vanaf 11:00.

# Een bal: Wen of Verloor

Die afgelope naweek is Noord Vrystaat se uitspeelwedstryde by verskillende rolbalbane in Welkom aangebied.

Heilbron was deur die twee spanne verteenwoordig wat deurgedring het tydens die Valsrivier kompetisie by Kroonstad rolbalklub.

Die damesspan was Tracy Jacobs, Natasha Jonker, Hannalie Claassen en Henriehett de Waal, en die mansspan Rudi Jacobs, TL de Waal, Jurie Jonker en Gerrie Muller.

Met al die wenners uit die drie sub-distrikte, Valsrivier, Riemland en Goudveld, was die tafel gedek vir goeie rolbal.

Volgens terugvoer ontvang was dit naelbyt wedstryde met tellings wat tot op die laaste kop in die weegskaal was en dit is presies wat met Heilbron se damesspan gebeur het. Die opposisie se laaste bal word uiteindelik die wenbal. Dit is soos oom Boy Louw na 'n rugbywedstryd gesê het: "Look at the scoreboard".

Die mansspan, onder die ervare leiding van Rudi Jacobs, eindig in die derde plek om sodoende die brons medalje te ontvang.

Die groot oomblik natuurlik, was die deelname van Gerrie Muller wat as totale beginner op hierdie vlak, deel van die span was. Hy was gerugsteun deur Jurie Jonker op nommer 2 en TL de Waal op nommer 3. Met motivering en leiding deur Rudi het hierdie brons medalje soveel meer betekenis aan beginnerspelers gegee.

Komende naweek word Heilbron Rolbalklub weer goed verteenwoordig met 8 spelers wat op Kroonstad aan die Valsrivier gemengde pare kompetisie gaan deelneem, terwyl Babs Knoesen saam met Rodney Bricout van KBC sal speel.

As 'n fondsinsameling vir die Noord Vrystaat spelers, Rudi en Tracy Jacobs, Hannalie Claassen en TL de Waal, sal daar Woensdae aande etes te koop wees by die rolbalklub. Wegneemetes sal ook beskikbaar wees.

Besprekings Woensdae voor 12:00 asseblief:

Tracy Jacobs 084 503 5501 of Edward Muller 084 422 1122.



*Op die foto vl: Henriehett de Waal, Natasha Jonker, Tracy Jacobs en Hannalie Claassen.*



*Op die foto vl: Jurie Jonker, TL de Waal, Rudi Jacbs en Gerrie Muller.*

# Riemland Jagters Pretskiet

Die Riemland Jagtersvereniging het 'n baie suksesvolle pretskiet gehad met 50 mense teenwoordig op Saterdag se pretskietdag. Die wind het gewaai en teikens was uitdagend maar die pret was groot en skote skitterend.

**Uitblinkers vir die dag was:** Jaggeweer op 200m na die teiken foto links onder, Japie Steyn en Riaan Steyn wat albei 100% geskiet het.

.22 staande teen 'n paal na silhouette, met goeie korrelvermoë was Braam van Zyl, Neels Lues en Riaan Steyn almal met 100%.

Haelgeweer het slegs Hennie Viviers 100% in die wind kon bemeester.

Handwapen was daar 2 skuts wat 100% geskiet het: Jaricka Conradie en Pierre Botha.

"Dankie aan almal wat die dag spesiaal gemaak het. Dankie ook aan die baanbeamptes wat almal veilig gehou het. En 'n groot dankie aan Neels Lues wat die gras kort hou." sê Pierre Erasmus, voorsitter van die tak.

Die volgende skietdag is 18 Februarie vir al die lede wat sportskiet geniet en 'n skietoefening op 4 Maart.













BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 13 FEBRUARIE 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 14 FEBRUARIE 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

FRANKFORT: FRANKFORT BONSMARA AANTEELVEILING
500 Top jong aanteeldiere
11:00, VKB veilingskompleks
Kontak JD Steyn 072 877 6984

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

**WOENSDAG - 15 FEBRUARIE 2023**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

STANDERTON Maandelikse aanteel veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

BOTHAVILLE: MAJOBE MERINO'S
Produksieveiling
245 Skape
10:00, Vlaklaagte
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

**DONDERDAG - 16 FEBRUARIE 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

REITZ: NICO KRIEK & VRIENDE
510 Rooi aanteelbeeste
11:00, Welgeluk
Francois Duminy 082 528 1899

**VRYDAG - 17 FEBRUARIE 2023**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 18 FEBRUARIE 2023**

POTCHEFSTROOM: NOORD-WES DORMER PRODUKSIEVEILING
11:00, Potchefstroom (N12) Rural 1
Kontak Fanie Kruger 082 859 1867

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za